

## Gebedsprogram 12 Junie

- **Baie dankie** vir jou getroue voorbidding die afgelope ses maande.
- **Gebedsversoeke** kan gestuur word aan [mmpretorius3@gmail.com](mailto:mmpretorius3@gmail.com)
- **Bid saam:** Sondagoggende in die gebedskamer 08:15-08:45. Almal is welkom!
- **12 Junie is Biddag vir Jeug en Kategese en dit is Drie-eenheidsondag.**

### Ons dank en loof die Here...

- Dat Hy in sy Woord hom as drie Persone wat die enige en ware God is openbaar (HK V/A 25).
- Vir die afgelope Pinksterreeks wat ons as gemeenskap van gelowiges saam kon vier.
- Dat die Heilige Gees ons nie as weeskinders laat nie, maar saam met ons die pad van heiligmaking stap.

### Ons doen voorbidding vir...

#### Ons Gemeente

- Bid dat God drie-enig ons geestelike vlamme in ons lewens hoog sal laat brand sodat God verheerlik word en ons 'n verskil in die wêreld kan maak.
- Bid dat die Heilige Gees Jesus Christus se oorwinning in ons lewe sal bevestig en dat ons aangevuur word sodat daar verandering in ons lewens plaasvind.

#### Ons Getuienisbediening

- Bid vir die getuienisvlam wat vanuit ons gemeente brand .
- Bid spesifiek vir ons bediening in Oekraïne en Japan.
- Bid vir die Calitzdorp en Atlete vir Christus uitreike wat gedurende die Junie vakansie plaasvind waarby van ons lidmate betrokke is.

### Biddag vir Jeug en Kategete

“Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.” (1 Tim. 4:12).

- Dank die Here vir ons kategete wat vrywillig met ywer hul daaraan toewy om die Woord aan ons jeug te verkondig en dit prakties toepas in die alledaagse lewe.
- Dank die Here vir kategete se diensbare harte en dat hul hulle tyd en talente beskikbaar stel vir ons jeug.
- Bid dat die geloof wat God Drie-enig in ons jeug se harte geplant het, sal toeneem en vermenigvuldig.
- Bid dat die waarheid van God se Woord stewig gevestig word en lewenslank hul anker sal wees.
- Bid dat ons jeug God te alle tye sal vertrou terwyl hulle na God kyk vir waarheid, leiding en om na God se beeld verander te word.

- Bid dat ons jeug se geloof sterk genoeg sal wees om hulle bo hulle omstandighede en beperkinge uit te lig en hulle te vervul met die vertroue dat alles ten goede sal meewerk (Rom. 8:28).
- Bid dat die Gees ons jeug sal toerus, bemagtig en weerbaar maak teen die aanslae van die bose.
- Bid vir alle leerders en studente wat tans besig is met eksamen. Mag hulle die Here se vrede en kalmte beleef wat alle verstand te bowe gaan. Mag hulle enduit volhard in hul toewyding en ook hul studies aanpak tot eer van God se Naam.

### **Gebedsversoeke vir Missie Japan**

- Ons het die afgelope maande baie hard gewerk, en tegelyk baie gaste ontvang aan huis. Bid asb vir krag, balans en gesondheid.
- Ons het begin met 'n nuwe fase van bediening in ons plaaslike gemeente (RCJ Kita Kobe), saam met 'n nuwe leraarspaar, (ds) Hajime en sy vrou Yuko Nishibori, met hulle seun Hikari.
- Carina se rol in die kinderbediening hier brei uit. Dank saam met ons die Here daarvoor en vra asb vir Sy leiding vir wat voorlê.
- Ons daaglikse werk - ek wat klasgee by die kweekskool, betrokke is by verskeie gemeentes en leraars, ekstra navorsing doen in Missiologie.
- Carina se voltydse tuisonderrig van ons 4 kinders met verskeie ander (Japannese) studies en werk - dit verg baie energie en wysheid.